

Sing vooraf staande: Psalm 46:1, 2 (p. 236)

- 1 God is 'n toevlug in die nood, / 'n rots wat altyd vas bly staan,
al dreig die vyand met die dood, / al storm sy leërbendes aan.
Laat dan maar buig en beef / al wat ons hier omgeef;
laat berge uit hul stee / wegwankel in die see – / ons sal nie beef of rugwaarts gaan.
- 2 Laat hoog die see se waters bruis / en in hul woede skuim en klots;
laat berge dreun van golfgedruis / wanneer dit teen hul hoogtes bots.
Die waterstroompies wat / daar kronkel in die stad / en oor die rotse gly –
hul maak die Godstad bly, / die heiligdom op veil'ge rots.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 149:1, 2 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 116:2, 3, 5 (p. 569)

- 2 Om my was bande en strikke van die dood; / en angste van die hel het my laat bewe;
ek was benoud, vol droefheid was my lewe; / maar 'k het die HEER gesmeek in al my nood:
- 3 "Ag, red my, HEER, na u belofenis!" / Toe 't God gehoor; Hy is my lofsang waardig;
Hy is die HEER wat goed is en regvaardig, / en vir sy volk groot van ontferming is.
- 5 U het my siel weer van die dood bevry; / in droefenis droog U, o HEER, my trane;
U lei my voet langs nuwe lewensbane, / om in u lig te wandel, lewensbly.

Gebed

Psalm 46:3, 4 (p. 237)

- 3 Die HEER is daar, Hy hou die wag; / so gaan die donker uur dan om;
Hy red wanneer die vroeë dag / goudglansend oor die berge kom.
In wilde krygsdruis / het nasies opgebruis, / en koninkryke sink:
die HEER se stem weerklink – / 'n ganse wêreld beef voor Hom!
- 4 Gewis die HERE Sebaot / sal sy gedugte mag laat blyk;
in nag en storm sal Jakobs God / ons rotsburg wees wat nooit beswyk.
kom nader en bemerk, / aanskou die HEER se werk; / hoe Hy die wêreld rig;
hoe alles voor Hom swig / en in ontsetting weg moet wyk!

Skriflesing: Psalm 46:1-12; 2 Kronieke 32:1-23

Kernverse: Psalm 46:2, 11-12

God is vir ons 'n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef.

Laat staan en weet dat Ek God is; Ek sal hoog wees onder die nasies, hoog op die aarde.

Die Here van die leërskaare is met ons; die God van Jakob is 'n rotsvesting vir ons.
(Psalm 46:2, 11-12 AFR53)

Agtergrond vir die psalm

Buiten die opskrif waarin ons lees watter instruksies aan die musiekleier gegee word oor die wysie van die psalm en wie die digters van die psalm was, weet ons nie meer nie. Baie van die ander psalms gee in die eerste vers 'n agtergrond waarom die psalm geskryf is, maar nie by ons Psalm van vanoggend nie. Tog kan ons uit die psalm aflei wat moontlik die agtergrond van hierdie psalm is. Baie kommentare stem ooreen dat hierdie psalm geskryf is na aanleiding van die dreigende oorlog teen Jerusalem in die tyd van koning Hiskia. Van hierdie dreigende oorlog lees ons in Jesaja 36 en 37 en in die ooreenstemmende gedeeltes in 2 Konings en 2 Kronieke. Luister hoe deel die Heilige Gees dit aan ons mee in 2 Kronieke 32:1-23.

Nog een klein opmerking oor ons psalm. In vers 5 lees ons: **Die stroompies van 'n rivier maak die Godstad bly** (Psalm 46:5a AFR53). Uit die kruisverwysings blyk dit dat hierdie vers na die Siloamtonnel verwys. Hiskia het om en by 700 v.C. die Gihonfontein, wat buite die stad se mure was, se water met behulp van 'n 550 meter lange tunnel tot binne in die stad laat vloei. So het hy verseker dat Jerusalem van water voorsien is in tye van oorlog. Die water wat met hierdie tunnel die stad ingekom het, was nie baie diep nie en dit was ook nie 'n baie sterk stroom nie, maar dit was 'n aanhoudende stroom water wat die Here aan sy mense voorsien het.

Kom ons lees nou die psalm teen hierdie agtergrond.

Tema: Ondanks al die teëstand wat jy beleef, is God jou toevlug

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, alle mense beleef in die een of ander stadium van hulle lewe 'n tyd wanneer hulle regtig bang en bevrees is. Miskien is dit die gewelddadige toestand in ons land wat jou bang maak. Of dalk het jy groot kommer in jou oor hoe jy jou gesin môre gaan versorg, want jy soek al so lank werk en jy kry nie, want jou velkleur is nie reg nie, of jou ouderdom tel teen jou. Miskien voel jy 'n beklemming om jou hart oor die toekoms van jou kinders of kleinkinders. Of dalk voel jy sommer net moedeloos oor jou gesondheid wat net nie weer wil regkom nie.

Geliefdes, maak nie saak watter soort benoudheid jy nou beleef nie, ons weet almal dat sulke benoudhede vir 'n mens groot spanning meebring. Die spanning lei daartoe dat jy moedeloos en depressief voel. Jy sien doodeenvoudig nie 'n uitkoms raak nie. En om alles nog erger te maak, voel jy as gelowige asof jou geloof in hierdie tye jou niks baat nie.

Is dit hoe jy hierdie afgelope week gevoel het? Is dit hoe jy vanoggend voel? Wel, die Here bring vir jou en ons almal vanoggend hierdie versekering: Ondanks al die teëstand wat jy beleef, is God jou toevlug.

Broers, susters en kinders, wanneer ons sing: **God is 'n toevlug in die nood / 'n rots wat altyd vas bly staan**, is dit nie woorde wat ons sommer net uit die lug gryp om mekaar te kalmeer wanneer dit voel asof ons lewens onderstebo is nie. Nee, die Heilige Gees lê hierdie woorde in ons mond sodat ons mekaar kan verseker en troos met die genadige nabyheid van die Here.

Wanneer dit voel asof die mense wat teen jou is, daar by die skool of by die werk, net al meer word en al harder teen jou uitvaar, ja, wanneer jy voel asof jy agtervolg word; vir jou gee die Heilige Gees die versekering: God is jou beskerming na wie toe jy mag vlug en in wie se arms jy veilig is.

Voel dit vir jou of moeilike omstandighede dreig om jou onder te kry? Het jy 'n werk wat jy moet doen, maar dit voel asof jou kragte te min is? Het jy met mense te doen wat vyandig is teenoor jou? Vir jou gee die Heilige Gees die versekering: God is jou sterkte. Hy tel ons op onder ons omstandighede uit en skenk uit genade alles wat ons nodig het om ons omstandighede in die oë te kyk en te doen wat Hy wil hê ons moet doen.

En wanneer die Heilige Gees hierdie woorde in ons mond lê om mekaar daarmee op te beur, kan ons seker wees daar is 'n bewys vir hierdie woorde. Die bewyse daarvan is die hele Bybel vol geskryf. Toe Israel vir 400 jaar lank die slawe van die Egiptenaars was, het hulle regtig niks gehad om op te staan nie. Daar was in daardie tyd nie iets soos menseregte nie. Die enigste toekoms wat hulle vir hulleself gesien het, was om vir die volgende 400 jaar nog slawe te wees. Maar die Here was vir hulle 'n toevlug en sterkte. Met 'n ou man van 80 aan die voerpunt, het die Heilige Gees hulle geleer om na die Here toe te vlug. En die Here het hulle uit die slawerny van Egipte uitgelei en uiteindelik in die beloofde land gebring. As hulp in benoudhede is die Here inderdaad in hoë mate beproef. Die Here is die Helper wat in die geskiedenis al oor en oor getoets is, en Hy het nog altyd sy kinders gehelp.

Hiskia, van wie ons netnou vertel het, was net so benoud en beangs. Toe die Assiriërs gekom en gedreig het om Jerusalem met die aarde gelyk te maak, was daar nie regtig iets waarop hy kon staatmaak nie. Teenoor die Assiriërs, wat in daardie stadium 'n wêreldmoondheid was, het die Jode nie veel van 'n weermag gehad nie. Na so baie jare van die verwaarlosing van die tempel en hulle diens aan die Here sou baie Jode kon sê: ons kan ook nie eintlik op die Here wil staatmaak nie. En buitendien was daar al baie konings van ander lande, lande sterker as Israel, wat voor die koning van Assirië geval het. Maar die Heilige Gees het in Hiskia se hart die vertrouwe op die Here gewek. En Hiskia het vir die Here in gebed van al sy benoudheid vertel:

Here, Almagtige, God van Israel, U wat oor die gerubs troon, U alleen is God oor al die koninkryke van die aarde, U het die hemel en die aarde gemaak. Hoor tog, Here, luister, kyk tog, Here, let op! Hoortog wat Sanherib gesê het; hy het U, die lewende God, in sy boodskap gesmaad! Dit is waar, Here, die konings van Assirië het nasies met lande en al verwoes en hulle gode verbrand, maar dit was nie gode nie, dit was die werk van mensehande, hout en klip; daarom is hulle vernietig. Here ons God, red ons tog uit die mag van die Assiriese koning. Dan sal al die koninkryke van die aarde besef dat net U, Here, God is
(Jesaja 37:16-20 AFR83).

Die Here het Hiskia se gebed verhoor. In daardie nag nog het die Here 'n engel van Hom gestuur en die engel het 185 000 soldate in die kamp van die Assiriërs doodgemaak. Daardie volgende oggend vroeg, toe die koning van Assirië al die lyke om hom sien lê, het hy kamp opgeslaan en teruggegaan na sy eie land toe. Sonder dat Hiskia-hulle een pyl moes skiet, het die Assiriërs padgegee en was daar uitkoms vir Israel.

Maar die Here was nie net vir Israel en Moses en Hiskia 'n toevlug en sterkte nie. God is vir ons ook 'n toevlug en sterkte. Weens die sonde van die mense, moes God eintlik al die mense al van die aarde af weggee het, soos Hy dit gedoen het in die tyd van Noag. Maar toe al het die Here Homself voorgeneem om dit nie so te doen nie. Hy sal op 'n ander manier met die sonde en die duiwel afreken. God het dit gedoen op 'n manier wat vir die mense en selfs vir die duiwel nie gelyk het na 'n werkbare manier nie. God het sy Seun gestuur en Hom mens laat word – Jesus Christus. Waar alle mense aanvanklik verdoem was tot die ewige dood in die hel, en waar daar vir die mensdom geen uitweg was nie, het Jesus die uitweg kom maak deur sy liggaam en bloed heen. Hy het self die prys van die hele menslike geslag se sondes betaal sodat ons wat ons toevlug tot Christus neem, nou kan lewe.

Geliefdes, as ons dan deur die werking van die Heilige Gees mekaar verseker en vertroos met die woorde: **God is vir ons 'n toevlug en sterkte** (Psalm 46:2a AFR53), is daar vaste gronde om dit te sê en te glo. Die Bybel staan vol daarvan geskryf. Goed, sal jy miskien sê, ek sien in dat hierdie troos en versekering op vaste gronde staan. Die Here gee immers self die bewyse daarvoor in sy Woord. Maar waar ek nou is in my omstandighede, sukkel ek om daarby uit te kom dat die Here ook vir my 'n

toevlug en sterkte is. My omstandighede versmoor my so dat dit donker is rondom my en ek myself nie daartoe kan bring om te glo dat die Here nog na my omsien nie.

Broer, suster en kind, as dit is hoe jy vanoggend voel, dan is jy soos die mens van wie ons ook in ons belydenis praat. In die eerste hoofstuk van ons Dordtse Leerreëls, paragraaf 16, sê ons: die gelowiges **wat die lewende geloof in Christus, die vaste vertrouwe, die gewetensrus, die beoefening van kinderlike gehoorsaamheid en die roem in God deur Christus nog nie so kragtig ervaar nie**, moet nooit dink dat die Here hulle nou maar gelos het nie. Jy voel dalk soos 'n geknakte riet. Nog net een keer se druk op jou, dan breek jy heeltemal. Of jy voel dalk soos 'n lampfit wat dof en rokerig brand. Die geringste windjie gaan jou vlammetjie blus. Vir jou gee die Here deur sy profeet Jesaja die versekering:

Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lampfit nie uitblus nie
(Jesaja 42:3 AFR53).

Die Here sal nie toelaat dat jy, vir wie Hy uitgekies het, so deur die twyfel oorval word dat jy met Hom heeltemal sal opgee nie. En daarby gee die Here hier in ons psalm die versekering dat Hy nog altyd bereid is om te help. Hy is altyd gereed om jou te versterk, en Hy doen dit ook. Die feit dat jy nog nie die Here en sy Woord finaal vaarwel toegeroep het nie, is nie omdat jy so sterk is nie. Jy weet jy is nie sterk nie. Maar dit is omdat die Here jou versterk en beskerm. Sy Heilige Gees maak jou van binne af buigsaam sodat, al word jy gedruk en gestamp en gebuig, jy nie heeltemal breek nie. Van binne af voed die Heilige Gees jou met die nodige brandstof – die krag van Christus – sodat, al flikker jou vlammetjie van die geringste briesie wat waai, sal jy nie uitgeblus word nie.

Sê daarom saam met ons aanhoudend vir jouself: **God is vir my 'n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef** (Psalm 46:2 AFR53). Sê dit vir jouself. Bid en vra dat die Heilige Gees hierdie woorde in jou hart vasmaak. Bid en vra dat jou oë mag oopgaan sodat jy kan sien hoe die Here jou daaglik help.

Hoe, sal jy dadelik vra, help die Here my daaglik? Geliefde broer, suster en kind, ons wil baie maal so graag hê dat die Here ons met 'n oorweldigende vertoning van sy mag wys dat die uitkoms vir ons gereed is. Ons wil so graag hê dat Hy met die klap van sy vingers al die moedeloosheid en terneergedruktheid en spanning van ons sal wegneem. En, ja, die Here kan dit so ook doen, maar Hy doen dit nie altyd so nie.

Ek waag dit om te sê dat Hy in die meeste gevalle so help dat ons soms wil vra, maar is dit nou al wat die Here vir my kan doen? Onthou jy nog wat ons gesê het oor die Siloamtonnel. Deur middel van hierdie tunnel is die stad aanhoudend van water voorsien. Die mense kon aan die lewe bly binne-in die stad wanneer 'n vyandige weermag die stad omsingel het en niemand uit die stad kon uitgaan nie. In vergelyking met die water waaraan 'n mens gewoon geraak het voordat die stad omsingel was, is die water wat deur die tunnel die stad inkom maar eintlik vreeslik min. Dit is maar 'n stroompie. Dit is immers juis deur middel van hierdie stroompie, onder andere, wat die Here sy volk in die tyd van Hiskia gehelp het.

En kyk net wat sê die digter van ons psalm:

Die stroompies van 'n rivier maak die Godstad bly (Psalm 46:5a AFR53).

Daarom sê ons vir mekaar: Bid sodat jy ook die Here se daaglikse hulp mag raaksien wanneer jy oorweldig is deur twyfel en ongelukkige omstandighede.

Die Here gaan jou vandag miskien net help met 'n medegelowige wat nou gaan luister, want hy of sy kan niks anders vir jou doen nie. Of miskien help Hy jou met 'n vriendelike glimlag sodat jy ook nie

anders kan nie as om terug te glimlag. Of dalk laat die Here jou vandag iemand anders raaksien of van hoor wie se ellende werklik groter is as joune, maar wat nie toelaat dat die omstandighede hom in 'n gat van twyfel laat beland nie. Die Here help inderdaad elke dag met die krag wat nodig is vir daardie dag. Hy help beslis elke dag en soms met die dinge en mense wat ons nie as baie bruikbaar beskou nie. Ons moet net versigtig wees om die dae van klein dingetjies nie te minag nie. Dit is omdat so baie mense Jesus net as 'n skrynwerker se seun aangesien het dat hulle in hulle ellende gebly het. Die mense wat egter die uitkoms wat God in Jesus gee, raaksien, beleef stelselmatig die verlossing en uitkoms wat Jesus gebring het.

Die Here is nie onderworpe aan die wette van die aarde nie en Hy word ook nie deur die onstuimigheid van nasies van koers gedruk nie. Die Here is God – hoog bo die nasies en hoog bo die aarde. Al hierdie dinge wat jou en my bang maak en beangs laat bewe, ja, bokant alles is die Here ons God. Hy loop bo-op die dinge waarvoor ons bang is. En deurdat die Heilige Gees die vertrouwe in ons hart opwek – die vertrouwe dat God regtig almagtig is – bring Hy ons by die punt om ook te sê: Ons is nie bang nie! Al gee die aarde onder ons pad, al tuimel die berge in die dieptes van die see, al storm die vyandige bendes op ons af, ons sal nie bewe of terugdeins nie. Die Here op wie ons vertrou, is die almagtige God. Dit wat op die aarde gebeur en dit wat onder die nasies gebeur, is steeds onder die heerskappy van die Here. As die Here maar net sy stem laat hoor, smelt die aarde weg onder die aanstormende bendes. En as dit die Here se wil is, sal ons ondanks al hierdie aanslae teen ons bly staan.

As die Here aan ons die uitkoms gee deur middel van watter onbenullige dingetjie of mens ook al, doen Hy dit omdat Hy sy Naam daardeur groot maak. Almal moet besef dat Hy God is. Almal wat teen Hom in opstand is, moet tot bedaring kom en erken dat Hy die Here is. En as dit sou gebeur dat ons onder die spanning en drukte sterf, is dit nie omdat die Here ons verlaat het nie. Inteendeel, dan lag Hy nog steeds vir diegene wat sy kinders wou vernietig. Die vyande van die Here kan die Here se kinders liggaamlik skade aandoen, maar dit is ook al. Wanneer die Here sy kinders uit hierdie lewe wegneem, neem Hy hulle in die lewe by Hom in die hemel op. Die Satan en sy pêle kan niemand van die Here se kinders uit sy hand losruk nie.

Dit is nie net vir die vyande van die Here wat daar in vers 11 gesê word dat hulle moet laat staan en weet dat die Here God is nie. Ook vir ons wat so bang en bevrees is, sê die Heilige Gees: Laat staan! Jy hoef nie meer onrustig te wees oor jou omstandighede nie.

Laat staan en weet dat Ek God is; Ek sal hoog wees onder die nasies, hoog op die aarde
(Psalm 46:11 AFR53).

En, geliefdes, in die omstandighede waarin ons nou is – hoe benard dit ook al vir ons mag lyk – die Here, die Almagtige, is by ons. Die belofte wat Jesus gemaak het voor sy hemelvaart is hier van toepassing. Deur sy Gees en Woord verlaat die almagtige God ons nooit nie. Deur sy Gees en Woord is die Here immers binne-in ons. En dit is nog 'n belofte van Jesus aan ons, naamlik dat Hy in ons sal bly en ons in Hom. Hy is immers ons beskutting na wie toe en in wie in ons kan vlug.

Geliefdes, as ons verwag het om vandag eensklaps uit ons moedeloosheid en spanning opgetel te word, is ons beslis nou teleurgestel. Maar as die Heilige Gees ons oë oopgemaak het om die hulp en bystand van die Here raak te sien wat Hy elke dag vir ons gee, is ons geseënd. En as die Heilige Gees opnuut ons vertrouwe gevestig het op die Here, ons toevlug en ons sterkte, dan het ons die eerste tree gegee om saam met die Here bo-op die goed te begin loop wat ons bang maak. Dan sal ons ook uiteindelik kan sê: Omdat God vir ons 'n toevlug en sterkte is, is ons nie bang nie.

Amen!

Slotgebed

Formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders

Doop

Psalm 105:5 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Slotpsalm 46:5, 6 (p. 237)

- 5 Die oorlog swyg op sy bevel / tot in die allerverste land;
die moordtuig om die mens te kwel, / verbreek Hy met oorwinnaarshand.
Hy keer die oorlogs-kans / en breek die boog en lans, / in vlam van haat gesmee.
Hy slaan die spies aan twee / en steek die oorlogswaens aan brand.
- 6 Hou op, en weet: Ek is die HEER! / Ek is verhoog bo alle vlees;
My sal die nasies sien en eer, / of sidd'rend vir my oordeel vrees.
Die HEER sal in gevaar / sy leërs om ons skaar, / oneindig in getal.
Die God van Jakob sal / vir ons 'n veil'ge vesting wees.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
27 Januarie 2013